



LIGGING

Aldam

STOETERYE

TELERS OP 9DE VEESKOOI VEREER

Landbouweekblad, Pick n Pay en Breedplan se Stoetteler van die Jaar is op die jaarlikse Veeskool by Aldam aangewys. Die Lewendehawe Registrerende Owerheid (LRF) en *Landbouweekblad* bied jaarliks dié boeredag aan. JOHAN NORVAL het die foto's geneem.



Die Stoetteler van die Jaar is dr. Joggie Briedenhann (middel) van die Bonsmarastoetery Hartebeestloop, Stampriet, Namibië. Die naaswenner is mnr. Christopher Sparks (naasregs) van die Brangusstoetery Mount Olive, Harrismith. Mnr. Ebbi Fischer (naaslinks) van die Brahmanstoetery Wokuma, Hochfeld, Namibië, was derde. Links is prof. Azwihangwisi Maiwashe en regs is prof. Frikkie Nesor.



Landbouweekblad, Zoetis en Breedplan se Suider-Afrikaanse Teelbul van die Jaar is die Braunvieh Witbek Salute BS 15/0011 van mnr. Hans Bester (vierde van links) en sy vrou, Marina (middel), van die Witbekstoetery by Vrede. By hulle is ander buitelaers wat vereer is. Van links is mnr. Linde du Plessis (Brandwater-Brahmane), Heinrich Maree (Richigo-Brahmane), me. Gorete Moutinho (Zoetis), Martin Seyfferdt (beoordelaar), Ferdie Naudé (Vergesigte-Brangus), Jannie Kotzé (De Panne-Angus) en Cobus van der Merwe (St. Blaize-Brahmane).



Die onderskeie raswenner van *Landbouweekblad*, Zoetis en Breedplan se Suider-Afrikaanse Beproeft Bul van die Jaar is ook aangewys. Van links is mnr. Willem Avenant (Brangus), Carl Thiele (Braford), me. Gorete Moutinho (Zoetis), Johan Steyger (Simmentaler), Llewellyn Labuschagne (Brahman) en Llewellyn Angus (Simbra).



Landbouweekblad, die Land Bank en Breedplan se Suider-Afrikaanse Koeigroep van die Jaar-wenners is, van links, mnr. John Rafferty (namens Mornay Verster van Le Roc-Brangus), Ralf Rodewald (Braford), Andrew Brink (Simbra) en sy seun, Andy, me. Tabby Tsengiwe van die Land Bank, Johan Steyger (Simmentaler), Jan van Zyl (Brahman) en Desmond Robertson (Santa Gertrudis).



Twee oudstryders is deur die Lewendehawe Registrerende Owerheid (LRF) vir uitsonderlike prestasie vereer. Van links is mnr. Ferdie Naudé van die Vergesigte-Brangusstoetery, Welkom, me. Norma en mnr. Martin Seyfferdt, wat die afgelope vyf dekades as beoordelaar op meer as 50 nasionale en internasionale kampioenskapskoue opgetree het, en mnr. Llewellyn Angus, wat die eerbewyse oorhandig het.



Prof. Azwihangwisi Maiwashe (middel), hoof van die Landbounavorsingsraad se Instituut vir Diereproduksie, is ook vir sy bydrae tot die Suider-Afrikaanse stoetveebedryf vereer. Mnr. Nkomsentu Nika (regs) is vereer as die boer wat die afgelope dekade die beste vordering getoon het. Links is prof. Frikkie Nesor van die Universiteit van die Vrystaat, wat die eerbewyse oorhandig het.